A

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(TRANSVAALSE PROVINSIALE AFDELING)

SAAKNOMMER: CC 482/85

PRETORIA

1988-02-23/24

DIE STAAT teen: PATRICK MABUYA BALEKA EN 21 ANDER

VOOR: SY EDELE REGTER VAN DIJKHORST EN ASSESSOR : MNR. W.F. KRUGEL

NAMENS DIE STAAT: ADV. P.B. JACOBS
ADV. P. FICK
ADV. W. HANEKOM

NAMENS DIE VERDEDIGING: ADV. A. CHASKALSON
ADV. G. BIZOS
ADV. K. TIP
ADV. Z.M. YACOOB
ADV. G.J. MARCUS

TOLK: MNR. B.S.N. SKOSANA

KLAGTE: (SIEN AKTE VAN BESKULDIGING)

PLEIT: AL DIE BESKULDIGDES: ONSKULDIG

---

KONTRAKTEURS: LUBBE OPNAMES

---

VOLUME 351

(Bladsye 20 037 - 20 084 )

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

DANIEL MARCO LETHAE, d.s.s. (Through interpreter)

EXAMINATION BY MR BIZOS : Mr Lethae, are you a 30 year old packer and mailer from Constantia Park,Maokeng? -- Yes.

Is that in Kroonstad? -- Yes, that is in Kroonstad.

Is the area in which the black people are living there called Seeisoville? -- Yes, that is so.

COURT : Is Maokeng then a part of Seeisoville? -- Yes, Seeisoville as a whole is called Maokeng.

Is Seeisoville and Maokeng exactly the same place? -- We call Seeisoville Maokeng and in fact people refer to Kroonstad as Seeisoville, but we generalise everything under the same umbrella Maokeng. When a person is talking about Maokeng it includes Kroonstad as well.

ASSESSOR (MR KRUGEL) : And when he talks about Seeisoville would that also include Kroonstad? -- Yes.

COURT : And Constantia Park, what is that? Is that a part of Seeisoville? -- Yes, that is a township forming part of Seeisoville in which I live.

MR BIZOS : You have matriculated? -- Yes.

Do you know Mr Dennis Bloem? -- Yes, I know him.

Are you related in any way? -- Yes, he is married to one of my family members. My aunt's daughter in fact.

Did he ever ask you to become a member or take part in the activities of the UDF? -- Yes.

Did you become involved in membership or in the affairs of the UDF? -- No.

Did you buy anything which had any association with the UDF from him? -- Yes.

What? -- A T-shirt.

COURT : Is it a UDF T-shirt? -- Yes.

MR BIZOS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MR BIZOS : What is Mr Bloem's occupation? -- He is a shop owner.

Did you wear this UDF shirt that you bought? -- Only once.

Did Mr Bloem either at the time that he sold you the UDF T-shirt or any other time speak to you about the UDF? -- Yes, at the time of his selling me the T-shirt.

What did he tell you about the UDF very briefly? -- What he said to me was that the UDF is an organisation which looks into the problems of the residents. He further said that the UDF does not approve of apartheid.

Do you know Mr Patrick Lekota, accused no. 20 before his lordship? -- Yes, I know him.

Where from? -- I knew him during my school days when I was still a scholar and also as a server in the church.

COURT : Who is? You or he? -- He, Mosiuoa Lekota was a server.

MR BIZOS : Were you at school together at the same time? -- He was my schoolmate and a senior to me at school by years ahead.

COURT ADJOURNS TILL 14h00. COURT RESUMES AT 14h00.

K1168 DANIEL MARCO LETHAE, still under oath

FURTHER EXAMINATION BY MR BIZOS : You told us that you were at school together with Mr Patrick Lekota, accused no. 20? -- That is true.

Did you miss him for a number of years and did you know that he was on Robben Island? -- No.

Did he come to Kroonstad from any where? -- If I may ask something before I answer that question.

Yes? -- You see, I answered the question without being

clear/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

clear with it. The question was when last did you see him. Was that now referring to the period when I was attending school with him or was that after he had been or during the time when you say he was at Robben Island?

More recently after he was on Robben Island, did you see him? -- After he had been to Robben Island?

Yes? -- Yes, I saw him.

What happened then? -- He was attending a funeral.

COURT : Whose funeral? -- Joseph Matches was the deceased.

MR BIZOS : Did you yourself go to this funeral? -- Yes, I did.

Why did you go to this funeral? -- Because my parents and those of the deceased in that case were friends.

Did you know how the late Joseph Matches came to his end? -- I only heard about that.

Do you remember when - sorry, did I get the date?

COURT : No date. We just have a funeral.

MR BIZOS : Do you recall the date on which this funeral took place? -- Yes, I do.

What date was it? -- 18 February 1985.

Did you go to the house from which the funeral procession started? -- Yes.

And what did you see happening there? -- On my arrival there I noticed Mr Lekota having a document in his hand. (Witness demonstrates how he held the document)

COURT : What is that position?

MR BIZOS : Reading position I would say. -- I heard him saying that on this document were the instructions he got from the police as to what procedure was to be followed at this funeral.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Do you remember some of the conditions? -- Yes, briefly I do remember some of the words used there.

What do you remember? -- I heard him saying that we must be careful to observe time and another thing, we must be careful about the corps must be conveyed on a vehicle.

COURT : Did he read it out to the assembled crowd? -- Yes.

MR BIZOS : Did the people at the funeral leave the deceased's parents' house? -- Yes, they left.

How was the coffin carried? -- It was on a vehicle.held by some people who were holding it down not to move.

What sort of vehicle was it? -- A bakkie.

What do you say to the evidence given by a police officer that the people on the bakkie were actually holding the coffin up whilst they themselves were standing on the bakkie? -- It is a lie.

Did the people move from the house to the cemetery? -- Yes, that is so.

Was a religious service conducted at the cemetery? -- Yes, that is so.

Do you recall whether the priest or priests that conducted the ceremony left the house with you? -- Yes, I do, because they were present at the grave-yard.

Did the people that left the house to go to the cemetery behave in a manner which - I withdraw that. Did they misbehave themselves in any way as they were going along? -- They were behaving well.

COURT : Were the people going on foot or by vehicle? -- Some were on foot some were on vehicles.

MR BIZOS : What do you say to the evidence that the people were not behaving themselves as they were going to the

cemetery/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

cemetery and more particularly that certain women were lifting their skirts when they were passing the policemen watching the people going to the cemetery? What do you say to that? -- They were well-behaved and there is no one of the women present there whoever lifted a dress.

How many priests officiated at the grave-side? -- Two.

After the religious ceremony did anyone speak? -- Yes.

Who? -- Mosiuoa Lekota.

That is accused no. 20? -- Yes, that is the person.

Do you recall what he said? -- Yes, I do.

Please tell us? -- He said some words of condolences to the relatives of the deceased and also made a speech to the effect that he was feeling bad about the death of the deceased. In his address he also made mention of the fact that he came to hear about people who in the past were burning
K1169 vehicles and stoning the shops. In that he added the following that he also came to hear that the police were during that period that he was referring to shooting the people with rubber bullets and teargas.

What else did he say? -- He further said that even then he would appeal to the people that they must be disciplined and not take the law into their own hands. At the closing of his address he said that the people must leave peacefully because we were already out of time. It was not yet expired but we were about to be out of time.

Do you know a Mr Peter Molema? -- Yes, very well.

Did he hold any office in Seeisoville at that time? -- Yes, that is so.

What office did he hold? -- He was a councillor.

Where were you during 1983? -- I was in Kroonstad.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was there any campaign against the election of councillors or any boycott of the election of councillors in Kroonstad in 1983 as far as you know? -- No, there was no such.

COURT : Was there an election of councillors in 1983? -- I do not quite remember.

MR BIZOS : Did anyone else speak at the graveside? -- Yes.

Who? -- Dennis Bloem.

Do you recall what he said? -- Yes.

What? -- What he said was that people must make fast and move away from there and leave because we are now running out of time.

What happened then? -- At the same time he made a request that some people must remain behind, that is those who were next to the grave to fill the grave up.

Were you one of those? -- Yes.

Did you start filling the grave? -- Yes.

What happened then? -- We were busy still filling the grave, just about to finish. The police came into the graveyard and started shooting.

Did they come on foot? -- No, travelling in landrovers.

Shooting what? -- Teargas.

What did you and the other people filling the grave do? -- We ran away.

And where did you go to? -- I ran as far as, on the other side, that is after getting through the fence of the graveyard. I jumped over the fence.

Other than this teargas incident, was there anything untoward that happened at this funeral from the time you went till the time of your running away? -- Except that the police shot there, there was nothing else.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was there any stone-throwing before or after the arrival and departure from the grave-yard? -- Not at all. No stones were thrown.

Did you go to any other funerals shortly after that? -- Yes.

To whose funeral did you go? -- Wolf's funeral. The deceased in that case was named Wolf.

COURT : Do you know his surname? -- His surname is Wolf.

MR BIZOS : Do you remember the date on which that funeral took place? -- Yes, I do.

What? -- It was on the 27th of February 1985.

Were there any speeches made at this funeral?

COURT : Was this also at Kroonstad? -- Yes.

MR BIZOS : Were there any speeches made at this funeral? -- By ministers, yes. Ministers of religion.

Was there any trouble at this funeral? -- Yes, on our way back from the grave-yard.

What happened? -- Just when the people left the grave-yard premises then the police started shooting the teargas.

Did you go to this funeral of the 27th to the house of the deceased's family? -- Yes, I went as far as that.

Did you go from the house to the cemetery? -- Yes.

Did any speaker or any other person incite any person at this funeral to commit acts of violence either against councillors of policemen, their property of public property? -- No, there was no such a person.

Did you go back to that house after the burial of the deceased at the graveside?-- Yes, I did.

Was there any trouble then? -- Yes.

What trouble was there? -- The police entered the

premises/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

premises of the deceased's residence where they started assaulting people with their sjamboks (quoted by the witness as donkiepiel).

What were the people doing there when that happened? -- They were busy washing hands.

A small group, a large group? -- It was a group of people which I am not able to say really whether it was a small or a big group, but it was a group.

Where were they washing their hands? Inside or outside? -- Outside.

K1170 KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Meneer, u het vir die hof gesê dat Dennis Bloem het met u gepraat en u uitgenooi om deel te neem aan die aktiwiteite van die UDF? -- Wat verstaan ek nou? Dat ek deel moet neem aan die doen en late van die UDF of dat ek moet aansluit as ŉ lid van die UDF?

HOF : Die vraag is deelneem aan hulle aktiwiteite? -- Nee, al wat hy gesê het is dat ek moet aansluit as ŉ lid daarvan. Nie dat ek - hy het geen melding gemaak van aktiwiteite nie.

MNR. JACOBS : Verander u nou u getuienis want dit is wat u in getuienis-in-hoof gesê het? -- Ek kan nie onthou dat ons daarvan gepraat het dat hy gesê het ek moet deelneem aan die aktiwiteite van hulle nie.

Ek stel aan u, dit is wat u in u getuienis-in-hoof gesê het dat hy u uitgenooi het om deel te neem aan die aktiwiteite van UDF? -- Al waarvan ek weet is dat hy my genooi het om by UDF aan te sluit as ŉ lid. Wat die aktiwiteite betref weet ek niks daarvan nie.

HOF : Ek dink die getuie is korrek. My nota is dat hy genooi is "to be a member of the UDF."

MNR. JACOBS : Ek kan nie met die hof stry nie, want ek het

ook/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ook maar net my notas geneem en ek het die woord "activities" nog onderstreep. Die vraag was gevra, as ek reg onthou, of hy uitgenooi was om deel te neem aan die aktiwiteite van die UDF.

MR BIZOS : My attorney who takes question and answer "Did he ask you to become involved in the UDF?" and the answer was yes. Whatever interpretation involved may .. (sentence is not completed)

COURT : We all have got different versions. We will have to wait for the record.

MNR. JACOBS : Kom ons gaan aan. Mnr. Bloem, was hy aktief in die aktiwiteite van UDF daar in Kroonstad? -- Al waarvan ek geweet het is dat hy ŉ lid was van die UDF. Wat sy doen en late was omtrent die UDF, weet ek nie.

Het hy nie met jou gepraat daaroor nie? -- Al wat hy aan my gesê het is dat ek ŉ lid van UDF moet word omdat hy ŉ lid was van die UDF.

Hoe het hy vir jou gesê waar is hy ŉ lid? Op hoe ŉ manier? Waar is hy ŉ lid? -- Hy het geen verduideliking aan my gegee van waar hy ŉ lid was en hoe dit gekom het nie. Al wat hy vir my gesê het toe hy my genader het is dat ek by UDF moet aansluit.

Hoe het hy gesê waar moet jy aansluit by UDF? By Kroonstad of Johannesburg? -- Ek sal sê dat hy bedoel het in Kroonstad, want hy het gesê ek moet na hom toe kom en tweedens, hy woon in Kroonstad self.

Het hy vir jou gesê dat daar ŉ gebiedskomitee, ŉ "area committee" van die UDF in Kroonstad is? -- Nee, hy het my nie so ŉ ding vertel nie.

Wat het hy gesê wat moet jy doen as jy aansluit by



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

UDF? -- Al wat hy gesê het is dat ek na hom toe moet kom, want hy is die persoon wat daarin belang gestel het dat ek ŉ lid moet word van hierdie organisasie.

HOF : Het hy nie vir u gesê wat die voordele is van lidmaatskap nie? -- Nee, hy het my nie gesê nie.

MNR. JACOBS : Mnr. Bloem, het hy aan ander organisasies wat daar in die gemeenskap bestaan het behoort? -- Hy was net aan my bekend as ŉ persoon wat met een van my familielede getroud is en tweedens dat hy ŉ lid was van die UDF en dit is al wat ek van hom geweet het.

Hoe oud is mnr. Bloem? -- Ek kan nie so goed onthou nie.

HOF : Ouer as u? -- Ja, hy is ouer as ek.

MNR. JACOBS : Het mnr. Bloem aan u verduidelik waarvoor UDF staan, wat hy besig is om te doen? -- Ja, hy het.

Vertel vir ons? -- Hy het gesê hierdie organisasie wil nie hê dat daar apartheid moet wees nie en tweedens, dit is ŉ organisasie wat die gemeenskap behulpsaam is met die gemeenskap se probleme.

Hoe het hy gesê met watter probleme van die gemeenskap bemoei die UDF hom? -- Hy het toe nie gesê watter nie, want hy het toe verder gesê dat ek na hom toe moet kom.

Maar jy was mos nou by hom en hy wil hê jy moet aansluit. Het jy nie eers belang gestel om te weet na watter probleme sien die UDF om nie? -- In die eerste plek was hy van die tronk af. Wat dit betref dink ek amper dit is omdat hy ŉ lid was van die UDF dat hy in die tronk beland het.

Dink u so of het u dit geweet? -- Ek het net gehoor dat hy opgesluit was.

Dit is dan familie van jou. Het jy hom nie gevra waarvoor was hy opgesluit nie? -- Wat gesê was is dat hy gearresteer

was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

was omdat hy 'n lid is van die UDF.

Jy het nou gesê in die eerste plek, jy het nou op my vraag geantwoord of jy nie vir hom gevra het hoe dat hulle die gemeenskap help nie, het jy gesê in die eerste plek is dit omdat hy van die tronk af was. Wat was die tweede en die derde plek nou? -- Wat was u vraag nou weer toe ek daardie antwoord gegee het?

Het jy nie vir hom gevra wat is die probleme in die gemeenskap waarmee die UDF moet help nie? Het jy nie belang gestel daarin nie? -- En wat was my antwoord toe?

Jy het gesê in die eerste plek was hy van die tronk af? -- Daarby het ek bedoel hoe kan ek myself daar by die man gaan aansluit as ek sien hy kom nou net van die tronk af. Nou wil ek myself by hom gaan aansluit.

HOF : Dit is 'n paspoort tronk toe? -- Dit was my siening, ja.

MNR. JACOBS : So, was die enigste rede hoekom jy nie vir hom gevra het van hoe dat UDF mense help met hulle probleme nie, is omdat hy van die tronk af gekom het? -- Luister, ek kan hom mos nie vra nie. Ek het alreeds gehoor die man kom van die tronk af omdat hy 'n lid was van die UDF. Wat nog moet ek vra? Ek het mos gehoor dat die lidmaatskap het hom in die tronk laat beland.

Wat het hy vir jou gesê omtrent die storie wat hy sê dat hy sê UDF wil nie apartheid hê nie? -- Ek wou nie verder met hom daaromtrent gepraat het nie.

Maar jy het tog darem soveel belang gestel dat jy 'n UDF T-hempie gekoop het? -- Nee, dit was net om hom aan te moedig.

Aan te moedig om wat te doen? -- Dat hy tevrede moet wees dat ek moontlik by hom sal kom aansluit.

Het/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Het jy vir hom so gesê? -- Nee, ek het nie.

Was jy nie bang gewees hulle gaan jou ook arresteer as jy 'n UDF T-hempie het en jy dra dit nie? -- Dit is juis die rede hoekom ek dit net een maal aangetrek het.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Was dit 'n duur hemp? -- Dit was net R5,00. Hierdie skipperhemp wat ek nou aan het is duurder as daardie een.

HOF : Waar het u hom aangetrek? -- As ek my wasgoed doen daar by die huis. Dit was terwyl ek die wasgoed gedoen het.

MNR. JACOBS : Het jy hom aangetrek na die begrafnis toe? -- Nee.

Het hy nie vir jou vertel dat UDF is teen die swart plaaslike besture nie, die raadslede nie? -- Herhaal die vraag?

Het hy nie ook vir jou vertel dat UDF baklei apartheid deur die swart plaaslike owerhede te bestry nie? -- Nee, dit is nuwe dinge daardie. Hy het nooit daarvan melding gemaak nie.

In Seeisoville is daar takke van COSAS? -- Wat is COSAS?

Weet jy niks van COSAS af nie? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Nog nooit van COSAS gehoor nie? -- Nee, glad nie.

Die eerste maal vandag toe ek hier praat van COSAS? -- Ja.

Weet jy of daar jeugorganisasies in Seeisoville is? -- Nee, behalwe dié wat by die kerk sing in die koor van die kerk.

Weet jy of daar in die skole organisasies is waaraan die skoolkinders behoort? -- Nee.

Is daar ander gemeenskapsorganisasies in Seeisoville? -- Wag, wag, wag. Daar is 'n geleentheid waar ek van 'n organisasie gehoor het van die skoolkinders te Seeisoville. Ek kan

net/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

net nie die naam onthou nie. Ek probeer dink wat die naam is. Ek het daarvan gehoor van een van die kinders by die huis wat my daarvan gesê het. Ja, dit is MASO.

Waarvoor staan die woord MASO? -- Ek weet nie waarvoor dit staan nie. Toe ek dit gehoor het van een van die kinders by die huis het hy vir my gesê "Ek hoor daar is 'n organisasie met die naam van MASO wat skoolkinders behulpsaam is met die kinders se probleme daar plaaslik." Waaroor dit gegaan het weet ek nie.

Is dit nou probleme soos die - om studenterade te vestig by die skool in plaas van die prefekte stelsel?-- Nee, nee, nee, kyk, ek het niks daarmee te doen nie. Eintlik wil ek nie inmeng met sulke goed nie.

Maar wat het jy geweet, waarom help hulle die kinders? -- Hulle het nog nie 'n kind by ons huis gehelp nie. Dus sal ek nie weet waarmee help hulle die kinders nie en ek het dit nooit nodig gevind dat 'n kind by die huis gehelp moet word deur iemand anders nie, want die kinders kry alles daar by die huis.

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Kan ons net verneem, het u die naam net gehoor of het u dit êrens geskryf gesien? Kan u dit spel? Die MASO? -- Ek het net daarvan gehoor. Ek het nie gesien waar dit geskryf is nie.

MNR. JACOBS : Weet jy van ander burgerlike organisasies wat daar bestaan het in Seeisoville? -- Nee, ek weet nie.

Weet jy van 'n "civic association" daar? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Op hierdie twee begrafnisse wat u beskryf het wat u bygewoon het, het u daarso UDF se T-hempies gesien? -- Ja, by die eerste begrafnis het ek vier of vyf van die T-hempies

gesien/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

gesien. By die tweede dag - wag, wag, wag. Ek kan nie meer so goed onthou nie. Ek onthou wat betref die eerste begrafnis. Wat die tweede begrafnis betref, kan ek nie onthou nie.

Die eerste begrafnis wat u onthou is die een waar beskuldigde nr. 20 en Bloem altwee teenwoordig was? -- Ja.

Het hulle nie albei UDF T-hempies aangehad nie? -- Hulle het altwee daardie T-hempies aangehad.

En was daar ander T-hempies behalwe UDF T-hempies by daardie eerste begrafnis? -- Nee, dit is al T-hempies wat ek gesien het.

Het jy nie daar 'n T-hempie gesien met die naam COSAS op nie? -- Nee, ek het gesê ek weet nie van COSAS nie.

Maar ons het getuienis dat daar T-hempies van UDF en COSAS was op daardie eerste begrafnis? -- In my getuienis sê ek dat ek net die UDF T-hempies gesien het.

En by die tweede begrafnis? -- Nee, ek onthou nie.

Jy kan nou glad nie onthou of daar enige T-hempies was nie? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

Weet u wat se ding is 'n banier? -- 'n Banier? Ek weet nie wat dit is nie. Wat is dit?

Dit is 'n lap, 'n vlag wat hulle maak met twee stokke aan weerskante en dan dra die mense dit, een aan hierdie punt en die ander een aan die ander punt van die stok en dan is daar bo 'n vlag? -- Ja, ek sien daardie soort ding.

Het jy hulle gesien by daardie eerste begrafnis? -- Ek het een gesien.

Wat het daarop gestaan? -- So vaag onthou ek die volgende "We came to bury our dead. Yes to SRC."

Was daar nog 'n logo of 'n wapen op hom gewees nie? -- Nee, dit is al wat ek daar gesien het, dit wat ek so vaag onthou.

Wat/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Wat beteken hierdie "Yes to SRC"? -- Nee, ek weet nie wat dit beteken nie.

Het u nie nog baniere daar gesien nie? -- Nee, ek het nie.

Het u nie ʼn UDF banier ook gesien nie? -- Ek het net die T-hempies gesien.

Nee, ek praat van die UDF banier? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

En by die tweede begrafnis? -- By daardie begrafnis het ek glad nie ʼn lap gesien nie.

Beteken dit daar was glad nie een nie of het jy hom net nie gesien nie? -- Soortgelyk aan die vorige een wat ons nou net bespreek het?

Ja? -- Nee, daar was nie.

Het u iets anders gesien soortgelyk aan die vorige een wat ons nou net bespreek het? -- Is dit nou by die tweede dood?

Ja, dit is waarvan ons praat? -- Nee, daar was niks nie.

Is dit reg, die gewoonte is wanneer ʼn persoon wat aan ʼn organisasie behoort op so ʼn onnatuurlike wyse doodgaan dan word die begrafnis gereël deur die organisasie. Is dit reg? -- Wat die organisasies betref weet ek niks van nie. Ek gaan wel na ʼn begrafnis toe omdat daar iemand dood is wat begrawe moet word, want ek het alreeds gesê ek wou niks daarvan geweet het nie.

Jy het nou vir die hof gesê jy het daardie eerste begrafnis bygewoon omdat die oorledene vriende van jou vader was se seun? -- Dit was ʼn seun van my ouers se vriende.

Vir watter rede het jy die tweede begrafnis bygewoon? -- Hulle is my bure.

Was/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Was altwee van hulle jong seuns gewees? -- Ja.

Altwee van hulle slagoffers van die onluste wat daar plaasgevind het in Seeisoville? -- Dit is wat ek gehoor het, ja.

Het altwee van hulle aan organisasies behoort? -- Ek weet nie.

Kan u vir ons sê hoekom het Dennis Bloem en beskuldigde nr. 20 so 'n prominente rol gespeel by die begrafnis van die eerste persoon? -- Wat ek daaromtrent kan sê is die volgende. As gevolg van die woorde wat hy gebesig het waar hy die mense gesê het dat hulle moet ophou met die brand van voertuie en die breek van die winkels, neem ek aan dat dit die rede is wat hulle daar gebring het om die mense daar te vermaan.

So, het hulle net daarnatoe gekom om die mense te kom vermaan? -- Dit is wat ek gehoor het.

Was hulle daar voorgestel gewees aan die mense? -- Met my aankoms daar was hulle al besig. Die werk was aan die gang. Ek weet nie of met die begin van die diens die mense voorgestel was nie.

Was hulle nie by die graf voorgestel nie? -- Nee, hulle was nie.

En by die huis voordat hulle na die graf toe gegaan het, het hulle die mense daar ook vermaan? -- Met my aankoms daar was hy besig gewees om daardie instruksies te lees en daarna is ons toe weg.

HOF : Was daar by hierdie begrafnis 'n seremoniemeester, 'n "master of ceremonies"? -- Ek weet nie, maar met my aankoms daar het ek gesien dat daar twee predikante was en ek aanvaar dat hulle in bevel was van alles wat daar gedoen is.

MNR. JACOBS : Ek wil dit aan u stel dat wie in beheer was van daardie begrafnis was COSAS se mense? -- Dit is wat u

weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

weet. Ek weet nie daarvan nie.

En daar was COSAS baniere ook gewees wat hulle gebruik het om hierdie man onder te begrawe? -- Vertel my, was u daar gewees as u so praat, want ek wat daar was het nie sulke goed gesien nie?

Ek sal nou-nou met dit verder gaan. Ek wil net 'n ander aspek vir jou oor vra wat vir my interessant is wat jy sê. U het vir die advokaat vir die verdediging hier gesê dat daar was geen kampanje teen die verkiesing van raadslede in Seeisoville nie? -- Ek het gesê dat daar nie so iets was nie. Dit is natuurlik volgens my.

En dan in dieselfde tyd het jy nie eers geweet of daar 'n verkiesing was nie? Hoe kon jy dan vir die hof kom sê dat daar nie so iets was nie, as jy nie weet of daar 'n verkiesing was nie? -- Herhaal die vraag nou weer?

Aan die verdediging se advokaat het jy gesê daar was geen kampanje teen die verkiesing van raadslede in Seeisoville nie? -- Ja, dit is hoe ek dit onthou.

Dan sê u ook dat jy kan nie eers onthou of daar eleksies was van raadslede in 1983 nie? -- Het ek gesê ek weet nie of het ek gesê ek kan nie onthou nie?

Jy kan nie onthou nie? -- Ja, ek kan nie onthou nie.

Nou vra ek vir jou, as jy nie eers kan onthou of daar eleksies was nie, hoe kan jy so positief sê daar was ook nie eers 'n kampanje teen die eleksies nie? -- Die plek was so stil gewees dat ek net nie aan enigiets kan dink wat daar plaasgevind het nie. Om die eerlike waarheid te vertel, wat ek kan onthou die eerste keer wat daar iets aan die gang was wat die deurmekaarspul veroorsaak het, was in 1985, dat dit plaasgevind het in Kroonstad.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan ons net duidelik kry, kan jy onthou, is daar skole aangeval en afgebrand in Seeisoville? -- In watter jaar?

Nee, ek vra vir jou? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou of daar in 1984 so iets gebeur het? -- Ek kan nie onthou nie.

Kan jy onthou in 1985 of daar so iets gebeur het? -- Ek onthou van die geval waar die mense die voertuie - die winkels met klippe bestook het en dan die voertuie aan die brand gesteek het.

HOF : Was dit nou voor die begrafnisse of na die begrafnisse? -- Voor die begrafnisse.

Was dit in hierdie tyd wat die twee persone oorlede is? -- Ek verstaan nou nie die vraag nie.

U weet van ŉ tyd toe daar winkels met klippe bestook is en voertuie aan die brand gesteek is? -- Ja.

Is dit in dié tyd wat die persone wat julle begrawe het oorlede is? -- Ja, daardie dinge het eers begin en dan die begrafnisse.

So, kort voor die begrafnisse was daar oproer in Kroonstad? -- Ja, ek onthou van daardie dag want dit was die eerste keer in my lewe dat so iets in Kroonstad plaasgevind het.

MNR. JACOBS : Kyk, jy is blykbaar ŉ man wat matriek het, wat intelligent is en jy kon vir die hof dadelik sê die begrafnis was op 18 Februarie. Wanneer was hierdie insident gewees dan? Gee vir ons die datum?

HOF : Watter insident?

MNR. JACOBS : Die insident waarvan jy nou praat toe die winkels met klippe gegooi was en die voertuie gebrand is? -- Ek sal dit nooit vergeet nie, want dit was ŉ baie lelike ding gewees. Dit was op 11 Februarie 1985.

Kan/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Kan ons dan kry, 11 Februarie 1985, wat het jy presies opgemerk? -- Ek het nie die werklike bestoking van winkels met klippe gesien nie. Ook nie die voertuie gesien terwyl dit aan die brand gesteek is nie. Ek was op pad van die werk af toe ek opgemerk het dat die vensters van die winkels beskadig was en 'n voertuig opgemerk het wat omgegooi is en toe aan die brand gesteek was.

Die winkels wat aan die brand gesteek was, was dit winkels wat aan raadslede behoort het?

HOF : Die winkels is met klippe bestook en die voertuie is aan die brand gesteek.

MNR. JACOBS : Ekskuus. Laat ons eers die winkels neem wat met klippe bestook is. Is dit raadslede se winkels? -- Nee, dit was nie 'n raadslid se winkel wat ek gesien het nie. Dit was nie een nie.

Hoeveel winkels is met klippe gegooi? -- Pule se winkel was een van die winkels, Moki s'n. Dit is die twee winkels wat ek gesien het op pad vanaf die werk huis toe.

Pule, is hy 'n raadslid? -- Nee.

En Moki? -- Nee.

Behalwe vir hierdie twee was daar hetsy op die 11de of daarna enige verdere winkels beskadig in Seeisoville? -- Ek onthou nie.

Jy onthou nie. Hoeveel voertuie het jy gesien wat gebrand het? -- Twee.

Weet jy wie se voertuie dit is? -- Ek weet nie wie die eienaars van daardie voertuie was nie. Al wat ek kan sê is dat ek twee voertuie gesien het wat aan die kant van die pad was.

Het jy op enige stadium gesien vanaf die 11de tot

hierdie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

hierdie eerste begrafnis dat daar skoolkinders optogte vorm en van die een skool na die ander beweeg? -- Watter tyd, want ek was by die werk gewees?

Ek vra vir jou of jy dit gesien het. Ek weet nie. As jy dit nie gesien het nie, sê so vir die hof, moenie 'n teenvraag vra nie, dan kan ons aangaan. -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

Wat se werk doen Pule en Moki? -- Shopkeepers.

Is dit al wat hulle doen? Hulle werk nie nog iets anders nie? -- Bedoel u tot nou toe?

Gedurende daardie tyd? -- Ja, hulle was "shopkeepers".

Het jy gesien dat enige eiendom van die administrasieraad se kantore of biersale beskadig was? -- Nee.

Het jy gesien dat enige privaat huise beskadig was en gebrand was? -- Nee.

Dit is gedurende die hele Februarie 1985? -- As dit die hele tydperk is, ja, ek het huise gesien wat gebrand was.

Is dit polisiemanne se huise? -- Ek weet nie of dit polisiemanne se huise was nie. Ek weet net van drie. Dit is eintlik die gewone sinkplaathuisies se strukture.

Wie het hulle gebrand? -- Ek weet nie.

En jy weet nie wie se drie huise dit is nie? -- Nee, ek weet nie, want dit is eintlik by verskillende plekke.

Kan jy onthou op die dag van die tweede begrafnis was daar nie huise gebrand van polisiemanne nie? -- Ek het daarvan gehoor dat daar huise aan die brand gesteek was. Ek het nie geweet wie se huise dit was nie. Of dit die polisiemanne se huise was, kan ek nie sê nie.

Maar as jy nou hoor huise is gebrand, dan het jy seker ook gehoor dit is polisie se huise wat gebrand is? -- Nee,

ek/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

ek kan nie onthou nie.

Die hele Februariemaand 1985 het jy gehoor dat daar ander raadsgeboue, biersale of kantore gebrand is of beskadig is? -- Nee, ons kantoor is nou nog reg.

Weet u wat het veroorsaak dat hierdie huise - winkels beskadig is, motors gebrand is en polisie se huise afgebrand is?

HOF : Stel ons belang in sy opinie?

MNR. JACOBS : Of hy weet. Ek vra nie of hy 'n opinie het nie. Of hy kennis dra hoekom dit gebrand is.

HOF : Sal u hom asseblief in kennis stel dat ek nie belang stel in sy opinie nie.

MNR. JACOBS : U edele, ongelukkig moet ek op notas rondval nou. Ons het eers vanoggend toe ons hier by die huis gekom het gehoor hier kom vandag 'n getuie van Kroonstad af. Ek kon nie geleentheid gehad het om voor te berei nie. Kan u onthou of daar in Seeisoville enige raadslede bedank het? -- Ek weet van 'n paar.

Hoeveel is hulle wat bedank het? -- 'n Onderwyser met die naam van Nkukane.

Was hy ook 'n raadslid? -- Ja.

Ja? -- Mnr. Lefafa. Dit is die twee wat ek nog kan onthou in Seeisoville.

Is dit nie vier wat bedank het nie? -- Nee, ek onthou net van hierdie twee.

Die onderwyser, het hy ook as onderwyser bedank? -- Nee, hy is nou nog 'n onderwyser.

Is dit reg dat daar was in Seeisoville druk geplaas op die raadslede dat hulle moet bedank, geëis dat hulle moet bedank? -- Nee, ek weet nie daarvan nie.

Weet/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Weet jy niks daarvan dat daar vergaderings gehou is deur organisasies of persone in Seeisoville waar die mense gesê is en waar dit gesê is dat die raadslede moet bedank nie? -- Ek weet nie daarvan nie.

Was die mense heeltemal gelukkig met die raadslede in Seeisoville? -- Ek aanvaar so, ja.

Was daar nie vergaderings gehou deur ander mense wat sê hulle is ongelukkig met die raadslede nie? -- Ek weet nie.

Was daar enige huurverhogings gedurende 1984 in Seeisoville? -- Ek kan nie onthou nie, want ek is nie die persoon wat die huur betaal by die huis nie.

HOF : Wie betaal die huur? -- My ma.

Dra u nie by nie? -- Op die huidige oomblik is ek werkloos.

Hoe lank al? -- Ek het laas gewerk in 1986.

Ja, maar u word nou gevra oor ŉ huurverhoging van 1984? -- Nee, ek kan nie onthou nie.

MNR. JACOBS : Kan jy vir die hof enige aanduiding gee wanneer laas was daar huurverhogings in Seeisoville? -- Ek kan glad nie onthou nie.

En dit was nie in die algemeen in die gebied ontevredenheid met die raadslede en die huur wat verhoog is nie? -- Ek hoor dit vir die eerste keer.

Jy sien ek het hierso ŉ dokument wat uitgegee is. Die ding se naam is "The Eye". Het jy dit ooit gelees? Dit is BEWYSSTUK W68. U edele, ek is jammer, ek kon nie vir die hof ŉ lys gee voor die tyd nie. Ons probeer opvang om nie te vra vir ŉ verdaging om te gaan voorberei nie. Ons kon nie hierdie voorbereiding doen nie. Dit word vir my stuksgewyse gedoen en aangebring.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Wanneer het u kennis gekry?

MNR. JACOBS : Vanoggend eers, toe ons hier by die hof gekom het. Net voordat ons begin het.

COURT : Do you remember, Mr Bizos, that at a stage long, long ago we also asked from the side of the bench to be informed as to the type of evidence which would be led the next day. We are at the moment entirely in the dark as to where this evidence of this witness fits in and to what extent the cross-examination is of any relevance or not. So, it all just runs on and on without knowing whether we are duplicating or whether there is a real issue which is at stake. For a long time now you have not seen fit to inform us where you are going the next day. So, for a long time now we have not read any evidence on these issues but as it has been on Sebokeng and Bophelong and Boipatong to a certain extent we have remained informed, but if you are going countrywide, we will land in this difficulty that we will have to keep all your witnesses overnight after they have given evidence to enable us to go through the evidence and see whether there is any relevant question that we would like to ask them still. So, please, if possible, give us some indication of who is coming the next day.

MR BIZOS : I must apologise for this. I had an arrangement - I did not know that your lordship would want notice of the Sebokeng or Sharpeville witnesses.

COURT : Well, that was not so important after all.

MR BIZOS : I told my learned friend, Mr Fick yesterday that I would be leading Sharpeville witnesses today, but unfortunately your lordship must realise that the transport arrangements and other matters sometimes make it difficult

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and I was told this morning that the persons who were to come from Sharpeville did not come. These witnesses were here. They are actually stuck here as a result of the lot of rain that has fallen in those parts of the world. As soon as this was known to me at 09h15 this morning I informed Mr Fick shortly thereafter, but I do agree that I should inform your lordship and the prosecution when we are moving to a particular area so that your lordship can glance at the evidence and that the state can get ready. We will certainly do that. With this apology beforehand, that sometimes, as hard as we may try, things just do not work out.

COURT : That is understood. It would not be the last time that one has this difficulty, but you must attempt to avoid it because it may in the long term be to the disadvantage of certain witnesses who will have to stand over while we read the evidence.

MR BIZOS : We want to avoid that at all costs and we certainly will do that and I intend also, as soon as this witness - if this witness does finish this afternoon, I intend telling your lordship that the next witness will or is coming from Cape Town and will deal with the campaigns and removals of political prisoners. So, I intended saying that and actually asking your lordship if they do finish with this witness, because the witness is coming from so far, not to start another witness this afternoon. So, I intend following that procedure.

COURT : Yes, very well, thank you.

MNR. JACOBS : "The Eye", dit is ŉ publikasie wat gewoonweg in die woonbuurtes versprei word. Het u dit al gesien in Seeisoville? -- Ek het dit nog nie gesien nie.



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Op hierdie bewysstuk op bladsy 1 daarvan onder die opskrif "We do not pay" die eerste kolom die derde paragraaf word daar verwys na Seeisoville. "In Seeisoville, Kroonstad in the Orange Freestate four councillors have resigned after the residents put pressure on them to do so." Sien u dit? -- Ja, ek sien dit.

Wat weet u daarvan dat die inwoners van daardie gebied druk op die raadslede geplaas het? -- Ek weet nie hoekom hulle bedank het nie.

Weet u wat se druk die inwoners geplaas het op die raadslede? -- Nee,ek weet nie.

Weet jy wat aangaan daar in die woongebiede in Seeisoville? -- Ja, ek weet, maar dit beteken nie dat ek nou alles moet weet wat daar plaasvind nie.

Gedurende die tydperk van hierdie begrafnisse, was daarso enige wegbly-aksies gehou? -- Ek weet nie want ek het altyd toestemming gevra van my werkgewers.

HOF : Waarvoor het u toestemming gevra? -- Om die begrafnisse van die twee persone by te woon. Ek het daarvoor toestemming gevra by my werkgewers.

MNR. JACOBS : Die begrafnisse, op watter dae het dit plaasgevind? -- Ek kan nie meer presies onthou nie, maar as ek nie verkeerd is nie, was dit gedurende die week.

Is daar nie 'n oproep op die mense gedoen in daardie tyd dat hulle moes wegbly van die werk af om die begrafnisse by te woon nie? -- Ek weet nie want ek het altyd afgevra by die werk om begrafnisse toe te gaan.

Maar daar in die woongebiede, was daar nie georganiseer sodat die mense moet wegbly van die werk af om die begrafnisse by te woon in groot getalle nie? -- Nee, ek weet regtig

nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

nie.

Was enige van die oorledenes familie van jou? -- Die eerste een het ek gesê sy ouers was my ouers se vriende gewees.

Maar ek vra was enigeen familie van jou? -- Nee.

Is dit reg dat die begrafnisse kon nie oor die naweek plaasvind nie omdat dit verbied was? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Al waarvan ek geweet het is dat so ŉ dag is die begrafnis. Dan het ek net die begrafnis bygewoon.

Is dit nie uitgelees toe beskuldigde nr. 20 daar die voorwaardes uitgelees het van die begrafnis by die eerste geleentheid op 18 Februarie nie? -- Al wat ek gehoor het toe ek daar kom was toe hy gepraat het van die tyd en die opdrag dat die kis op ŉ voertuig moet wees.

En daardie banier wat daar was, het dit nie gesê dat "We are not fighting. Just to bury our hero." Is dit nie die woord wat gebruik was nie en nie soos jy sê "our dead" nie? -- Al wat ek onthou wat daarop geskryf was, is "We came to bury our dead. Yes to SRC." Dit is al wat ek onthou.

Kyk ŉ bietjie na BEWYSSTUK AAC55. Dit is ŉ dokument wat gekry was by beskuldigde nr. 22. Dit is ŉ SASPU National. Dit is op bladsy 4. Dit is van Maart 1985. -- Ja, ek het dit.

Heel bo is daar ŉ foto en daar staan, onder daardie foto is daar ŉ opskrif "Kroonstad funeral. We are not fighting. Just to bury our hero. Yes to SRC's" en daar bo word die banier vertoon? -- Wat ek onthou wat daar op die banier gestaan het was "We came to bury our dead. Yes to SRC." Dit onthou ek duidelik.

Ek stel dit aan u dat u is heeltemal verkeerd en u vertel nie die waarheid vir die hof nie, want daar is ŉ

foto/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

foto van hierdie banier en waarop dit staan "hero" en nie "dead" nie? -- Wat daarvan as hierdie banier nou aan weerskante geskryf is? Aan die een kant staan daar "We came to bury our hero" en aan die ander kant sê dit "We came to bury our dead". Die een wat agter lees, sal hy dieselfde kan lees as wat daar voor staan?

Kom, vertel jy nou vir ons, was hierdie banier op twee kante geskryf? -- Nee, ek het net die een kant gesien wat ek kon sien "We came to bury our dead." Dit is waarvan ek praat.

Ek vra nou vir jou was hierdie banier op twee kante geskryf of net op een kant? -- Nee, al wat ek onthou is die kant wat ek gelees het.

Is dit reg dat oor hierdie tydperk het die polisie en die jeug, dit is nou skoliere, gedurig gebots daar in daardie woongebied? -- Hoe gebots? Op watter manier? Ek verstaan nie?

Gebots - in gevegte betrokke geraak? -- Nee, ek kan dit nie onthou nie.

As jy na die eerste kolom van daardie selfde bladsy kyk, daar onder daardie drie swart punte, dan begin daar "Free State towns. Welkom, Kroonstad, Bultfontein, Wesselsbron, Bothaville, Virginia, Odendaalsrus and Bloemfontein have become like battle grounds with frequent clashes between police and students." Daar is dit "In Kroonstad COSAS and AZASO, students from three high schools and a training college formed a joint organisation to fight for democratic SRC's." Weet jy daarvan? -- Ek het mos al vroeër gesê dat ek dra geen kennis van COSAS en AZASO nie. Dit is dinge waarvan ek nie eers weet nie.

Was daar oor hierdie tydperk enige skole toegemaak in Seeisoville? -- In daardie jaar?

Ja/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Ja, in daardie jaar oor hierdie tydperk? -- (Getuie talm om te antwoord)

Hoekom antwoord jy nie? Jy hoef nie daar te lees nie. Ek vra vir jou wat is die feitlike situasie? -- Nee, maar ek wil weet watter jaar praat u nou van?

Ek praat van 1985 toe hierdie moeilikhede daar gewees het in Seeisoville? -- Nee, ek weet nie, want daardie tyd was ek by die werk gewees.

Maar jy sal mos nou weet of daar skole toegemaak het in die woongebied? -- Ek kan nie onthou nie.

Was daar op enige stadium skole toegemaak deur die regering in Seeisoville vir enige rede? -- Ja, verlede jaar.

Dit is nou 1987 ? -- Ja, daar was 'n skool gewees waar die kinders probleme aangevang het.

Behalwe vir verlede jaar, was daar enige ander tye skole toegemaak in Seeisoville, Kroonstad? -- Nee, ek onthou nie, want tot op hierdie huidige oomblik is die skole in Kroonstad aan die gang.

Jy sien, as jy nou op daardie selfde bladsy 4 kyk, die laaste kolom, dan sal ek jou help "Stop closing our schools." Sien jy daardie opskrif? -- Ja.

"The closure of schools in Bloemfontein, Odendaalsrus, Welkom, Kroonstad and Wesselsbron has angered many parents." Dra jy kennis daarvan? -- In watter jaar was dit gewees sê u?

1985. Hierdie dokument is geskryf in Maart 1985 en hy verwys na daardie periode? -- Nee, ek onthou nie.

Jy sien, u kan nie eers onthou van die organisasies van COSAS wat daar baie aktief was in Seeisoville in Kroonstad nie? -- Ek onthou dit nie.

AZASO ken jy so 'n organisasie? -- Nee, ek ken dit nie.

AZASO/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

AZASO en COSAS was baie aktief in daardie gebied en jy weet daar niks van nie? -- Ek weet nie.

Ek stel dit aan jou dat dit is nie so dat jy nie weet nie. Jy is baie moedswillig. Jy wil nie die hof in jou vertroue neem nie? -- Moet ek nou leuens vertel van 'n ding wat ek nie weet nie?

Ek stel dit aan u u is besig om leuens te vertel, want dit is hoogs onwaarskynlik dat u in daardie gemeenskap kon woon en nie te weet dat die onluste wat daar is, dat die jeug en die organisasies COSAS en AZASO deel gehad het om daardie onluste te weeg te bring nie?-- Moet ek erken dat ek iets weet van 'n ding waarvan ek nie eers weet nie?

En ek stel dit ook aan u dit is hoogs onwaarskynlik dat u nie sal weet wat is die ontevredenheid van die mense hoekom hulle met die polisie in botsing kom nie? -- Moet ek nou vir hierdie hof leuens vertel?

En ek stel dit verder aan jou dit is hoogs onwaarskynlik dat jy nie sal weet waaroor die mense ontevrede is nie? -- Wat ek van weet, weet ek. Wat ek nie van weet nie, weet ek nie.

U edele, ek wil op hierdie stadium verlof vra dat ek geleentheid kry om die getuienis wat daar gelewer was behoorlik te kan deurgaan om sinvol te kan kruisvra in die saak verder. Ek wil net iets regstel. Ons het nie 09h15 gehoor nie. Ons het tussen 09h50 en 09h55 gehoor toe ons hier in die hof gekom het.

MR BIZOS : I just want to place one thing straight. It is true that it was shortly before 10h00. 09h15 was when I became aware that - at the office.

COURT : Actually it is neither here nor there. I would

in/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

in any event have adjourned the court a bit earlier to read the evidence for my own sake.

COURT ADJOURNS UNTIL 24 FEBRUARY 1988.

K1171 HOF HERVAT OP 24 FEBRUARIE 1988.

DANIEL MARCO LETHAE, nog onder eed

MR BIZOS : Accused no. 14 has a health problem and has asked for your lordship's leave beforehand. He hurriedly has to leave the court, that he can just leave it?

COURT : Yes, we will just make a note when he leaves.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : 11 Februarie 1985 se insidente. Kan u vir die hof sê, die winkels wat u gesien het wat beskadig was, hoe was hulle beskadig gewees? -- Wat ek opgemerk het was dat die vensterruite stukkend was.

Die getuienis was dat verskeie winkels en voertuie was uitgebrand gewees? -- Nee, ek het gesê die winkels was beskadig gewees en ek het opgemerk dat daar twee voertuie was wat alreeds uitgebrand was.

Maar ek stel dit nou aan jou ons het getuienis dat daar was verskeie winkels wat uitgebrand was asook voertuie?

HOF : Hy verstaan u vraag dat dit sy getuienis is. U moet dit duidelik stel dat dit ander mense se getuienis is.

MNR. JACOBS : Ander se getuienis? -- Nee, ek weet nie daarvan nie. Ek weet net van dié wat ek al genoem het.

Het u nooit enige gebrande winkels en kafees daar gesien nie? -- Ek het net winkels gesien wat beskadig was.

En nooit op enige stadium gesien enige winkels wat uitgebrand was nie? -- Nee, ek het nie gebrande winkels gesien nie.

Waar werk jy? -- Ek het gesê ek is op die huidige

oomblik/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

oomblik werkloos.

En op daardie stadium, waar het jy gewerk? -- MTC Building Merchants.

Is dit in die blankedorpsgebied of in die swartwoongebied? -- In die blankewoonbuurt.

Hoe laat het jy by die huis gekom van diens af 11 Februarie 1985? -- Om en by 17h30.

Die son sit nog hoog op daardie tyd? Dit is nog baie lig, die son skyn nog? -- Ja, dit is.

11 Februarie 1985, weet u, dra u kennis daarvan dat Mphoadi Onderwyskollege in Seeisoville - ken u hom? -- Ja.

Is dit ver van jou plek af? -- Nie baie ver nie.

Dat op hierdie betrokke dag, 11 Februarie 1985, dat daardie onderwyskollege ook aangeval was deur skoliere en van die publiek en dat daarso is motors op die perseel gegooi met klippe? -- Ek het daarvan gehoor, maar ek was nie self daar gewees nie.

Die burgemeester, die swart burgemeester van Seeisoville, weet u waar hy woon? -- Ja, ek weet.

Is hy ver van jou af? -- Ja.

U sien, ons het ook getuienis hier dat op 11 Februarie 1985 - nie jou getuienis nie, ons het getuienis - dat sy huis aangeval is met klippe, die ruite almal stukkend gegooi was, dat sy voertuig aan die brand gesteek was, sy motor en 'n Kombi daar omgekeer was? Weet u iets daarvan af? -- Ek weet nie daarvan nie.

Absoluut niks daarvan nie? -- Ja.

En verder dat op 11 Februarie 1985 was daar ook in die swartwoonbuurt vier trekkers van die gemeenskapsraad of van die munisipaliteit wat die dromme en vullis verwyder uit

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die woongebied aan die brand gesteek? -- Ek weet net van die twee voertuie waarvan ek melding gemaak het wat uitgebrand was.

So, jy het ook niks gehoor en kennis gedra van hierdie ander voertuie nie? -- Ek het nie kennis gedra nie.

Toe u nou teruggekom het, was daarso - van die werk af - ŉ groot toeloop van mense wat in die strate rondbeweeg het? -- Ja, ek het mense opgemerk wat heen en weer beweeg het daar.

In groepe? -- Dit was mense gewees wat baie was, wat sommer heen en weer daar beweeg het.

Wat het jy nou gedink, hoekom beweeg die mense so heen en weer en wat baie is? -- Ek het niks daarvan gedink nie, want daar was niks wat hulle eintlik gedoen het nie.

Was daar polisievoertuie wat rondbeweeg het op daardie stadium? -- Ek het dit nie opgemerk nie, want ek was ook in ŉ voertuig gewees besig om verby te ry.

Jy sien, want die getuienis wat in hierdie hof gelewer is is ook dat hierdie opstote en oproerigheid het sporadies opgevlam tot daardie aand tot dit begin skemer word het. Het jy niks daarvan waargeneem nie? -- Toe ek opgemerk het dit wat ek gesien het op pad huis toe, het ek by die huis gebly en nêrens heen gegaan nie.

Was daar padversperrings in die paaie daar? Het jy dit opgemerk? -- Ek het opgemerk dat daar klippe was aan die kante van die strate.

HOF : Is dit nou klippe wat nie gewoonlik daar of op daardie manier daar lê nie of is daar maar altyd klippe? -- Dit was klippe gewees wat nie gewoonlik daar is nie.

MNR. JACOBS : Het jy enige plekke gekry waar klippe oor

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die pad was en nie net langs die pad nie? -- Ja, daar was van die klippe gewees in die pad.

Was daar nie ook asblikke in die pad gewees nie? -- Nee, ek het dit nie gesien nie.

En hierdie klippe, was dit in die nabyheid van die winkelsentrum waar die winkels beskadig is wat jy gesien het? -- Ja.

Ons gaan na die begrafnis van 18 Februarie toe. Dit is 1985. Dit is die een wat jy bygewoon het, nè? Soos die stoet beweeg het vanaf die huis na die kerkhof toe, het daar gedurig mense nog aangesluit by die stoet? -- Vanaf die kerk of vanaf die huis van die oorledene?

HOF : Kan ek net duidelikheid kry. Ek het tot dusver nog niks gehoor van 'n kerk nie. Het die stoet vanaf die huis na die begraafplaas gegaan of het die stoet vanaf die huis na die kerk gegaan en toe na die begraafplaas? -- Direk vanaf die oorledene se huis na die begraafplaas toe.

MNR. JACOBS : En op pad van die huis van die oorledene na die begraafplaas toe, het daar mense nog geduriggdeur aangesluit? -- Ek weet nie, want toe ek daar kom het ek in 'n voertuig geklim wat dan die stoet gevorm het. Ons het toe gery. Ek het wel gesien dat daar mense was wat op die grond gestap het, maar ek kan nie sê of mense aangesluit het daar nie.

In wie se voertuig het jy geklim? -- Ek ken nie daardie man nie, maar dit is 'n ander man se voertuig. Ek sal u sê, mense het net in verskillende voertuie geklim. So, ek het ook net in 'n voertuig geklim.

Het die voertuie voor die mense wat geloop het beweeg na die begraafplaas toe? -- Daar was voetgangers gewees aan die kante van die voertuie, aan weerskante.

Is/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Is dit reg, dit was 'n baie groot klomp mense wat van die huis af beweeg het na die begraafplaas toe? -- Ja.

Oor die tweeduisend mense? -- Dit was duisende mense gewees. As ek moet skat sal ek sê dit was tussen eenduisend vyfhonderd na tweeduisend toe.

En die groot meerderheid van hulle het geloop? -- Daar was van die mense gewees wat in die voertuie gery het.

Antwoord nou net my vraag, asseblief. Die groot meerderheid het geloop? -- Ja.

En het hulle geloop agter die karre? -- Nee, van die mense het aan weerskante van die voertuie geloop.

En die meerderheid agter? -- Ja, daar was voertuie ook daar agter gewees. Die voertuie van die stoet het mekaar gevolg en daar was dus mense agter ons gewees.

En die mense het gesing terwyl hulle geloop het? -- Ja, op pad na die begraafplaas toe.

En hulle het vryheidsliedere gesing? -- Nee, ek het net gehoor dat daar een lied gesing word. Dit is 'n gewone lied wat gesing word by begrafnisse.

Watter lied is dit? -- Senzeni na.

En die mense het slagspreuke geskreeu "Amandla" en hulle regtervuise in die lug gehou? -- Nee.

Maar jy kon seker nie sien wat hulle agter julle doen nie? -- Nee, maar ek praat van wat ek gesien het wat ek daar kon hoor.

Jy kan nie vir die hof sê dat die mense wat agter jou geloop het het wel met die vuis in die lug geloop en "Amandla" geskreeu nie? -- Nee, dit weet ek nie.

Is dit reg, het jy die polisie opgemerk terwyl die stoet beweeg het vanaf die huis na die begraafplaas toe? --



Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Op pad na die begraafplaas kon ek die polisiestasie sien waar ek dan gesien het dat die polisie daar staan.

Die huis vanwaar julle vertrek het, dit is nie baie ver van die polisiestasie af nie, nè? -- Die polisiestasie is heel voor daar en die huis wat ons van praat is ver dieper in in die ou lokasie.

Maar nie baie ver nie? -- Dit is 'n hele entjie.

As jy byvoorbeeld op iets wat hoog is staan dan kan jy tot daar by daardie huis staan waar die begrafnis gehou is vanaf die polisiestasie? -- Ek kan dit nie met sekerheid sê nie.

Afgesien van die polisie wat jy gesien staan het by die polisiestasie, het jy polisievoertuie gesien wat beweeg het saam met die stoet of in dieselfde rigting as die stoet beweeg het? -- Nee, ek het die polisie vir die eerste keer gesien net voor ons by die perseel van die begraafplaas ingegaan het, dat die polisie daar eenkant staan.

Is dit omdat jy dan nou vorentoe gekyk het en nie rondgekyk het nie? -- Ek verstaan nie die vraag nie.

Terwyl die kar beweeg het waarin jy gery het, het jy nie gesit en rondkyk nie, maar jy het voor jou gekyk? -- Ons het gekyk want ons het eintlik gesels as passasies daar in daardie voertuig.

Julle het maar vir mekaar gekyk. Julle het nie rond en bont gesit en kyk of daar polisie is of wat gebeur daar nie? -- Ek het eers bewus geword van die polisie net voor ons afgedraai het in die begraafplaas dat die polisie iewers daar naby was.

En die mense wat ook hier langs jou geloop het, die voertuig waarin jy was, het ook jou uitsig belemmer? --

Nie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

Nie soveel dat ek nie kon sien wat daar gebeur het nie.

So, jy kan ook nie vir die hof sê, soos jy gister gesê het dat vrouens het nie hulle rokke opgelig en minagtende gebare met hulle lywe na die polisie toe gemaak of gefluit vir die polisie of geskreeu nie? -- Ek sê dit omdat ek dit nie gesien gedoen word nie.

Maar jy kan nie sê dit is nie gedoen nie, want jy het dit nie gesien nie? -- Ek sê dit was nie gedoen nie, omdat ek dit nie gesien het nie.

As dit gedoen was sou jy dit gesien het? -- Ek het dit nie gesien nie.

Maar dit is nie my vraag nie. As dit gedoen was agter jou waar die mense geloop het, sou jy dit gesien het? -- Indien ek in staat was om dit te sien, ja.

Was daar 'n lykswa by hierdie stoet gewees? -- Ons het gewag by die oorledene se huis vir daardie lykswa. Terwyl ons by die oorledene se huis was, net voor ons weg is daar het ek gehoor dat daar gesê word dat die lykswa nog nie gekom het nie. Met die gevolg dat daar toe besluit was dat ons gebruik gaan maak van 'n ander voertuig om nog in tyd te wees, anders sal ons laat wees.

Op enige stadium vandat julle vertrek het vanaf die huis op pad na die begraafplaas toe, het die lykswa aangesluit by julle? -- Ek het dit nie gesien nie.

En by die kerkhof self, by die begraafplaas self, het jy daar 'n lykswa gesien? -- Nee, dit het nie daar gekom nie.

U sien, die verdediging, mnr. Bizos, het dit gestel aan die getuies wat vir die staat getuig het dat daar was 'n lykswa gewees, maar hy was nie gebruik nie?

<u>HOF</u> : Wat is die verwysing?

MNR. JACOBS/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

MNR. JACOBS : Dit is volume 36 bladsy 1 676. Wat sê u daarvan? -- Soos ek alreeds gesê het, dat ek daar voor was en by die graf was, daar naby die graf terwyl die begrafnis plaasgevind het. Dit kan wees dat as daardie voertuig daar gekom het, ek dit nie gesien het nie.

Hy gaan verder. Hy sê die rede hoekom hierdie lykswa nie gebruik was nie, was nie omdat die lykswa laat was nie, hy sê die rede hoekom dit nie gebruik was nie, is die jong mense se manier om die verbod van die landdros te vermy? Dit is nog dieselfde verwysing? -- Nee, daarvan weet ek nie.

Stem jy saam, dit verskil heeltemal van wat jy vir die hof sê dat die lykswa is nie gebruik nie omdat hy nie daar opgedaag het betyds nie? -- Kan u die vraag herhaal?

Stem jy saam dit verskil heelwat van jou rede wat jy gee waarom die lykswa gebruik is nie. Jy sê dit is nie gebruik nie omdat die lykswa nie opgedaag het nie? -- Dit is die rede waarvan ek geweet het. Dit is hoekom ek dit noem.

Die bakkie, was net die kis op die bak gewees of was daar mense op die bak gewees? -- Daar was mense op die bakkie gewees.

Op die bak van die bakkie? -- Ja.

Saam met die kis? -- Ja.

Wat het hulle daar gedoen? -- Hulle het dit vasgehou op die bak sodat die kis nie beweeg nie.

HOF : U bedoel die kis het op die bak gestaan en hulle het hom vasgedruk op die bak? -- Ja, dat dit nie kan beweeg nie.

MNR. JACOBS : Het hulle nie die kis op hulle skouers gedra terwyl hulle op die bak van die bakkie staan nie? -- Nee, dit was nie so nie.

Of dit net opgetel gehou gehad in die lug? -- Dit was

net/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

net gedra tot op die bak van die bakkie. Wat ek daarby bedoel is dat dit gedra was vanaf die huis tot op die bak van die bakkie waar dit neergesit is.

U sien, want volgens ek die stelling van mnr. Bizos verstaan het die mense op daardie bak van die bakkie gestaan en daar het hulle die kis gedra. Hulle het hom opgetel gehad? -- Nee, al wat ek weet is dat hulle dit daar opgetel het en op die bak gedruk het dat dit nie moet beweeg in die beweging van die bakkie nie.

U edele, dit is dieselfde volume, volume 36 bladsy 1 675. Tot 1 676 gaan daar 'n lang diskoers oor hierdie ding dat die mense die kis so gehou het, maar jy is baie seker dit was nie in die lug gehou nie? Dit is nou op die bak van die bakkie? -- Nee, dit was nie in die lug gehou nie.

U sien, want beskuldigde nr. 20 het getuig dat dit in die lug gehou was op die bak. Mense het op die bak van die bakkie gestaan en die kis in die lug gehou? -- Ek onthou nie van 'n stadium wat dit gebeur het nie.

Die volume is 286 bladsy 15 742. Kan u onthou was dit een van die voorwaardes gewees van hierdie bevel van die landdros dat die kis mag nie gedra word in die straat nie? -- Wat ek gehoor het wat deur hom daar gelees was, is dat dit in 'n voertuig gehou moet word.

En die mense mag dit nie dra en loop - terwyl hulle loop dit dra nie? -- Dit het ek nie gehoor nie.

Want dit is wat beskuldigde nr. 20 sê wat hy daar - dit is die voorwaardes wat dit was en is dit nie die rede wat hier gesê is dat die jong mense het die landdros se bevel omseil deur agter op die bakkie te staan met die kis in die lug nie? -- Wat ek onthou ek daar gehoor het met my

aankoms/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

aankoms was toe hy gelees het dat die tyd is belangrik en dit is wat hy gelees het oor die tyd en tweedens dat die kis in 'n voertuig moet wees.

Is dit reg, stem u saam as dit so is dat dit die manier van die jong mense was om die landdros se bevel te vermy of te ontwyk en dan was dit van die begin af al, het hierdie begrafnis begin deur nie juis te veel ag te slaan op die bevel van die landdros nie? -- Nee, dit weet ek nie.

Dennis Bloem, het hy nie voor op die masjienkap van hierdie wa wat die lyk vervoer het, die bakkie, gesit nie? -- Nee.

Hy het 'n T-hempie aangehad en toe sit hy daar voor op die masjienkap? -- Nee, daar is nie so iets nie.

Het jy hom nie gesien nie? -- Bo-op dit?

Ja? -- Ek het hom nie gesien nie.

Is dit omdat jy nie kon sien wat daar op die voorpunt van daardie bakkie is nie? -- Ek kon sien.

Daar by die begrafnis, op watter stadium is traanrook geskiet? -- Terwyl ons besig was om die graf te vul.

Waar was - hoeveel mense was daar toe om die graf gewees toe die traanrook geskiet was? -- Wat besig was om die graf te vul?

Nee, was om daardie graf?

ASSESSOR (MNR. KRUGEL) : Op hierdie besondere stadium?

MNR. JACOBS : Op hierdie stadium? -- Die mense wat in die onmiddellike nabyheid van die graf was, was omtrent twintig na vyf-en-twintig toe. Ek was een van hulle. Die res van die mense was 'n bietjie agter gewees.

Is dit nie so dat die traanrook is geskiet toe die mense begin uitmekaar uit gaan nie? -- Dit was op die stadium wat

die/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

die mense besig was om weg te gaan. Net toe hulle by die hek uitgaan, is daar toe geskiet.

HOF : Hoe ver was die graf van die hek af? -- (Getuie dui distansie aan)

Twintig meter, maar dan was al die mense, as dit amper tweeduisend was, nog daar op 'n bondel was by die graf? -- Ja, wat nog daar was saam met ons wat die graf moes gevul het.

MNR. JACOBS : Saam met dié wat nog die graf moes gevul het? -- Ja, ons was twintig of vyf-en-twintig mense wat daar agtergebly het met die oog daarop om die graf te vul.

En daar was toe ook nog die groot meerderheid van die massa wat daardie begrafnis bygewoon het rondom julle gewees? -- Nee.

Het die polisie julle gewaarsku om uitmekaar te gaan voordat hulle traanrook geskiet het? -- Nee, daar is nie so iets nie.

Is jy seker daarvan? -- Ek sou dit gehoor het.

Daar het nie 'n "landrover" nader gery en die mense oor die luidspreker aangesê om uit mekaar te gaan nie? -- Nee, want daar was mense gewees wat geweet het van die tyd.

Was die tyd nie al verby gewees nie? -- Dit was nog nie verstreke nie, want wat gesê was aan ons was dat ons nou moet klaar maak, want die tyd sal nou om wees.

Jy sien, hier is 'n dokument ingehandig deur die verdediging as 'n BEWYSSTUK AAQ8 wat blykbaar 'n verslag is oor daardie besondere begrafnis. Ek wil net vir jou lees die tweede paragraaf. Volgens hierdie verslag wat in die Star veskyn het van ene Chris More staan dit daar "Police told the group of mourners to disperse and fired rubber bullets

and/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

and tear smoke canisters into the crowd." Wat sê jy daarvan? -- Dit is ŉ nuwe ding vir my.

Dit is snaaks. Die "rubber bullets" ook? -- Wat ek gesien het was die "teargas".

U stem saam hier word dit ook bevestig dat dit word in die hele groep "crowd" ingeskiet? -- Ja, ek kan dit so aanvaar, want op die stadium terwyl ek self gevlug het, het ek opgemerk dat die mense daar orals in die veld versprei was.

Toe was dit nie net twintig nie, toe was dit sommer baie mense? -- Op watter stadium?

Toe jy weggevlug het, was dit nie net jy en twintig van julle wat wegvlug nie, maar toe is dit sommer baie mense wat vlug? -- Toe hulle na ons toe geskiet het, het ek gevlug.

Jy antwoord nou nie my vraag nie. My stelling aan jou was dat toe jy nou gevlug het was dit nie net twintig van julle wat gevlug het nie, maar dit was ŉ massa mense wat gevlug het? -- Dit is die mense wat ek in die veld ingehaal het na ek gevlug het as gevolg van die skiet.

En dit was baie mense daar in die veld? -- Ja.

Wat soek die mense in die veld? Is dit omdat hulle ook gevlug het? -- Ek sal so sê, ja, want nadat ek die mense ingehaal het daar in die veld, terwyl die mense nou in verskillende rigtings gehardloop het, het die polisie toe geskiet tussen die mense. Dit wil sê dat die skote tussen die mense of die koeëls tussen die mense beland het. Dit is die traangas tussen die mense.

Hierdie traanrook, was dit net na die klein groepie gegooi of was dit nou ook na ander mense gegooi? -- Dit was net ŉ deurmekaarspul gewees daar. Mense was besig om

te/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

te vlug.

Ek vra, het hulle net na julle daar by die graf, die twintig mense geskiet of het hulle ook na ander mense geskiet? -- Wat ek onthou is die volgende. Daar was geskiet gewees na ons daar naby die graf of by die graf waar ons besig was om die graf te vul. Ek het toe weggehardloop, oor die omheiningsdraad gespring van die begraafplaas. Ek het dus by die mense in die veld aangesluit wat ek ingehaal het. Met die hardloop was daar nog verder geskiet na ons toe. Ons het toe verder weggehardloop.

Wat het van Dennis Bloem en beskuldigde nr. 20 geword op die stadium toe julle die graf opgevul het? -- Hulle was by gewees.

Want jy sien, beskuldigde nr. 20 sê vir die hof in sy getuienis dat die traanrook was geskiet na julle klein groepie toe wat daar by die graf was en dan lees ek vir jou uit sy getuienis "By then the main body was gone quite a distance already. So, they were not in the picture." -- Ja, maar dit is mos wat ek sê. Ons was 'n klompie gewees wat by die graf agtergebly het toe daar geskiet is. As gevolg van die skietery het ek gevlug en in die vlug van my het ek by die mense buite die begraafplaas aangesluit wat besig was om te vlug.

HOF : Wat is daardie verwysing?

MNR. JACOBS : Dit is dieselfde volume wat ek netnou aangehaal het 286 bladsy 15 744. U sien, jou getuienis, as ek dit reg verstaan het het jy gesê die mense wou net by die hek uitgegaan het. Die groot meerderheid van die mense was nog of die massa mense was nog in die kerk toe daar geskiet is? -- Nee, wat ek sê is dat terwyl ons by die graf was, die mense was

al/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

al besig om die begraafplaas te verlaat, om by die hek uit te gaan, op daardie stadium het ek toe gehoor dat daar geskiet word. Met die skietery het ek toe gevlug. Ek het nooit gesê dat die meerderheid van die mense nog in die begraafplaas was toe die skietery plaasgevind het nie. Ek het weggehardloop en by die mense aangesluit wat alreeds besig was om te vlug.

Die oorkonde sal self daar spreek. Was jy by die begrafnis van 21 Februarie 1985? -- Nee.

Waar was jy 21 Februarie 1985? Kan jy onthou? -- Ek was in Kroonstad.

In die woongebied? -- Ek woon in Constantia.

Was jy daar? -- Nee, ek was by die werk.

Weet jy dat daar weer oproer was in Seeisoville in die woonbuurt op 21 Februarie 1985? -- Ek het net verneem dat daar ŉ kind geskiet was.

Daar het weer oproer plaasgevind en ŉ persoon is doodgeskiet in die oproer? -- Ek weet nie of daar ŉ oproer was nie. Ek het net gehoor dat daar ŉ kind geskiet was.

Waar was hy geskiet? -- Ek weet nie. Ek was mos nie daar nie.

Het jy nie gehoor nie? -- Ek het dit net gehoor.

Op die begrafnis van 27 Februarie 1985, dit is die ander een wat jy bygewoon het, nè? -- Ja.

Kan u vir die hof sê by daardie begrafnis was daar ŉ wit Audi motorkar gewees? -- Nee, ek kan nie meer onthou nie. Daar was heelwat voertuie gewees. Ek kan nie sê nie.

Kan jy vir die hof sê, as jy dit nie gesien het nie, of jy op ŉ stadium gemerk het dat daar ŉ samedromming om een sekere kar was van jong mense? -- Nee, ek het dit nie opgelet nie.

HOF/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

HOF : Was hierdie begrafnis net so groot soos die vorige begrafnis wat u van gepraat het? -- Nee, nie ewe groot nie.

Baie kleiner? -- Daar was mense gewees, maar nie soveel soos die mense by die vorige begrafnis nie.

Die vorige een het u geskat was eenduisend vyfhonderd na tweeduisend. Wat skat u hierdie een? -- Omtrent 'n duisend en honderd.

MNR. JACOBS :

Hierdie persoon wat begrawe is op die 27ste, hoe ver is die familie van hom waar die begrafnis plaasgevind het se huis van joune af? -- Dit is nie ver nie. Dit is omtrent drie straatblokke van my huis af.

Het die polisie na daardie huis waar die begrafnis plaasgevind het teruggekeer na die begrafnis?

HOF : Was die polisie dan daar gewees?

MNR. JACOBS : Ek wil dit by hom hoor.

HOF : Maar as 'n mens terugkeer dan beteken dit jy was daar. Wat is die stelling wat u maak?

MNR. JACOBS : Het die polisie by daardie huis aangekom na die begrafnis? -- Ja.

Was jy toe daar by daardie huis gewees? -- Ja, ek was.

Het die polisie huise daar in die omgewing deursoek? -- Nee, al wat ek onthou is dat die polisie het daar gekom en die mense begin slaan en met dié het ek weggehardloop.

Kan jy nie onthou dat die polisie daar in 'n sekere huis langs hierdie huis waar die begrafnis plaasgevind het bottels gevind het nie? -- Nee, ek weet nie. Ek het weggehardloop.

En by die begrafnis self, het jy enige bottels daar gesien? -- Nee.

Het jy kennis gedra dat nadat die begrafnis plaasgevind het, was polisiemanne se huise met petrolbomme afgebrand?

Nee/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

-- Nee.

Het jy kennis daarvan gedra dat polisiemanne se huise afgebrand is? -- Nee.

Het jy nooit daarvan gehoor nie? -- Al wat ek van weet is die strukture van huise wat van sinkplate gemaak was wat uitgebrand is. Aan wie dit behoort het, weet ek nie.

Uitgebrand is met petrolbomme? -- Ek weet nie waarmee nie.

HOF : Is dit nou pondokkies wat u van praat wat mense sommer aan mekaar flans of is dit vooraf vervaardigde huise wat van sink gebou is? -- Dit was sulke pandokkies wat mense direk maak deur pale in te plant en dan met sinkplate mure daaraan te slaan.

Bly die polisie gewoonlik in sulke plekke? -- Soos enige persoon, dit kan wees, want daar is baie mense in Constantia wat in daardie tipe strukture woon.

MNR. JACOBS : Hoeveel van hierdie sinkhuise is aan die brand gesteek wat u van weet? -- Ek weet net van die twee.

Is dit ver van jou huis af? -- Ja, dit is ver. Dit is in hierdie area wat bekend staan as Geluk was.

En die twee huise, is hulle gebrand, volgens wat jy gehoor het, op die dag van die begrafnis? -- Ek kan nie meer onthou nie, want ek het dit eers gesien omtrent drie dae later na die begrafnis.

K1172 HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : U is gevra of mnr. Bloem of mnr. Lekota voorgestel is by die begrafnis aan die mense wat daar teenwoordig was van 18 Februarie en jy het nee gesê. Ek wil jou vra is mnr. Dennis Bloem 'n persoon wat onbekend is aan die mense van Seeisoville? -- Ek aanvaar dat hy welbekend is, want hy is 'n winkeleienaar.

En wat van mnr. Lekota, is hy welbekend in daardie

woongebied/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

woongebied? -- Ek ken hom. Ek weet nie of die ander mense hom ken nie.

Net een vraag in verband met die optrede van die polisie by die huis van die oorledene op 27 Februarie. Waar was die mense wat deur die polisie uitgejaag is? -- Hulle was op die perseel gewees.

Wat was hulle besig om te doen? -- Besig om hande te was.

HOF : Kan u net vir my sê waaruit bestaan die seremonie, net interessantheidshalwe? -- As daar hande gewas moet word?

Ja? -- Volgens die gewoonte van die swart mense as mense 'n begrafnis bygewoon het, met die terugkoms vanaf die begraafplaas, het die mense hande gaan was by die huis van die oorledene. Dit beteken dat die mense volgens die geloof die swartgesmeerde geloof daar by die water moet laat. Dit wil sê die vullis wat 'n mens opgetel het moet 'n mens daar gaan afwas.

MNR. BIZOS : Was daar enigiets voorberei vir die mense om hulle hande te was op die standplaas? -- Ja, daar was skottels met water waarin mense kon was.

HOF : U is gevra deur mnr. Bizos oor beskuldigde nr. 20, of hy welbekend was in julle omgewing en u sê u weet nie? -- Ek het gesê ek ken hom. Ek weet nie of die ander mense hom geken het nie.

Voor hierdie geleentheid van die begrafnis, hoe lank voor dit het u hom laas gesien? -- Dit was in 1982 met sy terugkoms vanaf Robben Eiland waar hy nou 'n partytjie gehad het by sy huis.

Was daar toe baie mense genooi? -- Ja, daar was 'n klompie mense gewees.

Van die ou skoolvriende? -- Ek weet nie. Ons was so

baie/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

baie daar dat 'n mens nie kan sê nie. Ons was net daar gemeng met ander mense ook.

Ja, maar ek wil nou net bepaal hoe welbekend is beskuldigde nr. 20. Hoeveel mense was daar? 'n Duisend of 'n honderd of tien? -- Omtrent twee-en-twintig.

Sedert daardie tyd, het hy toe in Kroonstad gebly of is hy weg en was dit maar 'n eenmalige besoek? -- Ek het hom op hierdie dag van die partytjie gesien en hom weer die volgende dag in die dorp gesien. Dit was die laaste wat ek hom gesien het.

Kan u 'n rede gee waarom hy so 'n prominente rol gespeel het op die begrafnis van 18 Februarie? -- Volgens sy woorde wat hy daar gebesig het, aanvaar ek dat hy eintlik nie hiervan gehou het nie, van wat die mense daar aangevang het nie.

Moet ek daarvan aflei u sê dat hy sommer gepraat het sonder dat iemand hom genooi het? -- By die begrafnis bedoel u?

Ja? -- Waar? By die begraafplaas of by die huis?

Maak nie saak nie, enige plek? -- By die begraafplaas was hy deur Dennis geroep om nader te kom.

Was Dennis dan die seremoniemeester by die begraafplaas? -- Ek dink die predikante was die mense in beheer daar wat ek kan sê was die seremoniemeester. Wat gebeur het is, op versoek van die predikante dat daar iemand iets moet sê aan die gesin van die oorledene by die begraafplaas by die graf was dit na aanleiding daarvan dat Dennis vir beskuldigde nr. 20 toe geroep het om iets te kom sê.

Weet u of daar enige besondere verband was tussen beskuldigde nr. 20 en die familie van die oorledene? -- Ek weet nie.

VERDERE/ ...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.

VERDERE KRUISONDERVRAGING DEUR MNR. JACOBS : Weet u of daar enige besondere verband was tussen Dennis Bloem en die oorledene of die oorledene se familie? -- Ek weet nie.

VERDERE HERONDERVRAGING DEUR MNR. BIZOS : U het vir die hof gesê dat jy was op skool saam met mnr. Lekota, beskuldigde nr. 20 en u het hom ook by die kerkdienste gesien? -- Ja, dit is die waarheid.

Weet jy waar sy moeder woon? -- Seeisoville.

Weet jy watter dorp hy as sy eie dorp beskou? -- Sy huis is in Seeisoville te Kroonstad. (10)

Weet jy waar hy gebore is? -- Ja.

Waar? -- Seeisoville.

Toe hy en jy nog jonger was, het hy enigsins deelgeneem aan enige sport? -- Ja, hy was 'n beroemde sokkerspeler.

Hou die mense in Seeisoville van sokker? -- Ja, hulle hou daarvan.

GEEN VERDERE VRAE.

LAURINE/...

Digitised by the Open Scholarship Programme in support of public access to information, University of Pretoria, 2017.